# Oestyd-nuusbrief

**4de kwartaal 2009**

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

## FRANKRYK : Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

*Uittreksel van die Oktober 2009 nuusbrief wat ontvang is :*

**Nuwe naam en kerkprojek**

Die naweek 8-10 Mei het ons ‘n groot nasionale saamtrek by Anduze gehad. Hierdie area was en is ‘n groot Protestantse area. Daar was ongeveer ‘n 1000 mense by die saamtrek. Tydens hierdie geleentheid het ons die nuwe naam van ons kerkdenominasie gevier - *die Nasionale Unie van Protestantse Gereformeerde Evangeliese Kerke van Frankryk.* Ons kerkvisie is : ‘n Toekoms om in besit te neem wat gebaseer is op die teks in Jeremia 29:4-14 (veral vers 11).

**Gemeente**

Die 13de September het ons ‘n spesiale ‘koffie/kroissante’-erediens gehad om die nuwe skooljaar te begin. Ek het uitreksels uit verskeie films gebruik om die erediens aan te bied. Daar was meer as 80 mense by die geleentheid. Baie van die studente wat verlede jaar hier was, sit hulle studies elders voort. So, ons begin weer voor.

Hierdie jaar het ons ook 5 huweliksbevestigings gevier, waaronder een “ekumeniese” huwelik. Die kerkraad van ‘n ander kerkgroep (baptisties fundamentalisties) het die dag voor hulle huweliksbevestiging geweier om ‘n paartjie van hulle eie gemeente te trou. Die paartjie het toe voor die magistraat getrou en hulle het ons toe genader vir die erediens. Dit vind die 17de Oktober plaas.

Met die finansies gaan dit so-so. Ons het skenkings gekry om die lekplekke op die dak vd kerk en die pastorie reg te maak. Op die oomblik weet ons nog nie of ons die predikantspos sal kan bybring nie (d einde vd finansiële jaar is in Desember).

My verskillende buitegemeentelike verpligtinge neem “onwillekeurig” toe: lid vd Teologiese kommissie van ons kerk; lid vd Raad vd Teologiese Fakulteit van Aix-en-Provence; afgevaardige namens die Protestantse kerke van Toulouse op d Interkonfessionnele komitee van Toulouse en lid van die interkonfessionnele bybelstudiegroepe (Protestant, Katolieke, Ortodoks); Tresorier van d Pastoraal (“interkerklike broederkring”) van Toulouse (Protestantse kerke); lid v „n refleksiegroep rakende die voortgaande teologiese opleiding van predikante; webmaster van ons plaaslike kerk en die Pastoraal van Toulouse se web site.

Op nasionale vlak is ons kerk ook besig om dieper te besin oor sy sendingvisie – veral in die Franssprekende wêreld (Noord en Sentraal Afrika). Tydens ons predikante-retreat (2-4 November) sal verskeie sessies oor die Arabiese wêreld aangebied word.

**Deputasiebesoek 2010**

My kaartjie is vir 27 Januarie tot 23 Februarie bespreek. Ek kom alleen en bly vir 4 Sondae (Pretoria, Secunda, Port Elizabeth, Oos-London). Tussen-in sal ek natuurlik ook ander gemeentes, wat sou belangstel, besoek

**Gesinslewe**

Ons het toe uiteindelik al die administrasieprobleme uitgesorteer vir ‘n SA-student om ons te kom help met die kinders vir een jaar. Ons het haar ingeskryf vir Franse klasse. Sy kom nie amptelik as au-pair nie, want dit sal ons ongeveer 500€ per maand kos (die helfte v my salaris). Ons help haar om al haar uitgawes hier te betaal (medies, studies, vervoer), behalwe ons gee nie sakgeld nie. Baie dankie aan Elaine en haar familie vir hierdie geskenk.
Verder gaan die kinders goed aan in die skool. Die kinders gaan 3-ure in die oggend en 2½-ure in die middag skool. Hulle eet middagtyd by die huis. Claire het met klassieke dansklasse begin en Thomas met Judo (die enigste sport wat hy so jonk kan doen). Hy wil graag sokker speel (snf-snf), maar moet 6jr oud wees. Sébastien “leopard-crawl” nou. Hy sal seker oor so maand begin te kruip.

Bid asseblief vir al hierdie aktiwiteite, ons gesein en my RSA-besoek.

## ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

*7 Oktober 2009*:

Dit gaan goed aan hierdie kant van die baie nat tifoon aardbol. My huis/kantoor se plat sement dak is nie bestand teen die baie reën nie. Die mure en dak binne in die huis/kantoor is deurnat. Hulle het vandag begin met ‘n 10dae lang sweis projek, bo-

op die huis, om ‘n sink afdak op te sit. Dit gaan lekker wees as dit klaar is maar tot dan sal ons moet vasbyt ...

‘n Span van Global Challenge SA was hier. Vir 2 aande kon ons in my huis worship. Hulle het ook saam met my na Sok se kerk gegaan. Na die byeenkoms wou almal graag ‘n ent in die village loop. Ek wou vir Phi gaan kuier en het op die bootjie die rivier af getravel – Sok het geroei. Baie van julle sal vir Phi ken – dit is in haar huis waar ek die sel groep begin het (± 1999) en waar Sok vir Christus aangeneem het. Sy het amper ‘n jaar gelede weg gedwaal vanaf Christus en ek wou sommer net vir haar gaan sê ek is lief vir haar. Die Here het egter ander planne gehad – ons kon mekaar vashou en saam huil oor die seer in haar. Sy lyk nie goed nie, sy het ongelooflik maer geword en haar gesiggie donker. *Bid asb vir haar.*

**Persoonlik**
Ivan en die bestuurspanlede/ondersteunende gemeentes wat gereageer het op my versoek vir ‘n sabatical het ingestem. Ek sal vanaf 25 Oktober – 7 Desember nie beskikbaar wees nie, 7 – 20 Desember in Pretoria vir my seun se troue en daarna in Sydney vir my kleinseun se doop, 7 Januarie terug in Kambodja. Die beplanning (DV) is om weer Des 2010 SA toe te gaan en dan Januarie – Maart 2011 weer by die gemeentes te praat en ek hoop om weer betrokke te kan wees met uitreike etc.

**Veritas... Local NGO**
Die afgelope maand het Sok ‘n paar keer getuig oor die feit dat, die dag toe hy Christus aangeneem het , ek vir hom gebid het en soort van ‘ geprofeteer’ het dat hy ‘n Kerk leier sal word – hy getuig dat hy toe nie ‘n clue gehad het waarvan ek gepraat het nie, maar dat hy vandag weet en dat dit vir hom spesiaal is dat God met hom ‘n pad geloop het en dat hy vandag in leierskap kan staan. Dit is amazing om te sien hoe God hom laat groei het. Ek het jare terug (± 2001) vir AOC gevra om hom in diens te neem en verantwoordelik te maak vir die sel groepe – hy is as nie goed genoeg bestempel.

Hoekom noem ek dit? Ons beplan om as ‘n Local NGO te registreer by die Ministry of Education. Hoekom? EFC se ‘nuwe’ kontrak met die regering bepaal dat ons by die regering moet registreer en ek sou graag wou sien dat ons, na aanleiding van die akkreditasie deur Oz, ook die akkreditasie in Kambodja kan registreer. Om dit te doen moet ‘n Khmer persoon se naam as direkteur op die registrasie kontrak wees ... Ek kan in Saran baie leier eienskappe sien o.a. is hy ‘n kritiese denker, uitstekend met die finansies – MAAR die afgelope ruk het ek sy maturiteit teen die van Tharoath begin meet en my gedagtes oor hom het verander. Die Bybel is ons mentor - vanoggend terwyl ek 1 Samuel 16 lees het die Here met my gepraat oor David die Shepherd boy who became a King. How the shepherd boy became a king was nie Samuel se verantwoordelikheid nie; Die feit dat Sok ‘n sterk en

bekwame kerk leier geword is nie deur my toedoen nie, God het hom gekies en die Gees van God het oor hom gekom – van 'n nie goed genoeg, arm en biblical uneducated villager het hy gegroei tot iemand wat vas staan in God, 'n kerkplanter (met 3 satelliet groepe) wie se gemeente groei.

**Bid saam ...·**

Vir VCCam se ' shepherd boy' – as ek God reg verstaan het vanoggend is dit Saran

◊ Ons het begin met navorsing tov die registrasie, sal graag alles wil afhandel voordat ek n persoonlike breek het vir 2 maande.
◊ January sal ek/ons feitlik nooit in PP wees nie – opleiding in provinsies.
◊ Bennie en Moira (VC se leiers) beplan om 3 – 6 Feb 2010 na Kambodja te kom sodat ons saam kan beplan aan die registrasie en leierskap. Dus ... ons moet alles afhandel voor ek oor minder as 3 weke weggaan.

**Fasilitering**

Die aanbieding van Module 2 is in volle swang!! Ons het die opleidings tyd in Kg Thom onder ons al 4 verdeel – ek kon hulle evalueer. Ek is besig om 'n proposal vir donors voor te berei, vandat my kar se voorste remskoene vervang is maak die (L) voorwiel snaakse geluide, die moet die week herstel word, navorsing en saamstel van ekstra inligtings materiaal wat nodig is soos geëvalueer in Kg Thom etc.

**KONFLIK !!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!**

Gelukkig nie in VCCam se kantoor nie – die Here seën die eenheid en respek vir mekaar in ons span ongelooflik!

*Kampot*

Die Kardekop groep het besluit dat die 2 groepe saam kan kom as een groep om Mod 2 te doen MAAR dat dit op hulle 'turf' moet geskied ... Bid asb dat dié die eerste stap tot 'n herstelde eenheid sal wees.

*Kg Thom*

Die fasilitering (Mod 2 – Ou Testament) daar was regtig 'n challenge en in hindsight besef ek weereens dat baie genade en wysheid nodig is om eerste generasie Christene te lei om die woord te leer ken.

2 Manne het al verlede jr onder ons velle ingekruip en frustrasie veroorsaak – hulle neem oor en sal aanmekaar stry oor (*)goed en wegdwaal vanaf die 'lesing' se fokus - net om te wys hulle het kennis. Dit is asof hulle voorbereid is met 'n vraag vir elke antwoord op elke challenge wat hulle na ons gooi – Wel in die kantoor het ek en Saran al begin opsien na die 2 en toe hulle weer begin was die

ongehanteerde frustrasie in my/ons harte op die opervlakte. Wat my ook gefrustreer het is dat pastore, wat in die groep sit , nie bereid is om direk met die 2 te praat nie. Daar word egter lekker agter hulle rug van hulle rug gepraat – daar is gesê dat mense selfs nie meer World Vision se maandelikse vergaderings bywoon nie agv die 2. Hulle ontwrig groepe waar ook al hulle gaan.

** goed = Wat se taal het hulle in Babel gepraat.*

*= Ons het ordentlik voorberei om die 'geboorte' van Christus BC 4 te verduidelik – hoe die 'Christen' kalender saamgestel is etc. Setha het geweier om te aanvaar dat daar meer as een Herodes was, gesê ons lieg ens ens.*

*= Parallel tussen Jesus en Moses het 'n groot storie geword – Setha het geweier om te hoor dat ons se daar is parallelle en gese ons se dat Christus en Moses een is en toe gedraai by die feit dat ons Christus is ... dié is lering van 'n groep in Kambodja.*

*= Positiewe het ook uit gekom waarna ons moet kyk – die woord Pre-History in die blok voor die Patriarchs blok het nie sin gemaak vir die groep nie – hulle het gevra dat ons dit moet verander – hulle is die ouens wat die bright'ste is in al die groepe en tog kon hulle dit nie in konteks plaas met die inleiding nie.*

Die aand na saampraat met Ivan en in ons span het ons besluit dat die 2 moet gaan – die groter groep moet in ag geneem word. Tog was my hart die volgende oggend dat die probleem opgelos moet word, dat die 2 manne belangrik is en dat ons deur die genade van God in hulle lewens kan inbou. Ek het ons in 'n kring laat sit en o.a gese dat ons almal mekaar moet help om in Christus te groei, dat ons almal blind-spots het etc. Ek het waarskuwings aan die 2 gegee, ook in die hele groep gedeel dat die ouens wat dink ons lieg en dat ons lering dwaal moet asb gaan – ons dwing niemand om daar te wees nie, ons is uit genooi.

Dara het om vergiffenis gevra maar Setha se hart het soos klip voor gekom. Na ander ook 'n kans gehad het om in die groep te deel het ek gevra dat ons 'n liedjie sing ' in Christus is ons een' - ons het hande gevat en saam gebid.

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

*Nuusbrief van 6 Oktober 2009*

**Woordskool**

Die ouderlinge is klaar met hulle derde kursus vir hierdie jaar. Die ouderlinge van ons twee zones (gebiede) het saam besluit om 'n uitreik te hou in hulle onderskeie areas. Namaroi gemeente (12 kerkies) gaan in die dorp Namaroi, (so 80km van ons af) en in een van hulle verste kerkies uitreik. Calani gemeente (16 kerkies, so

40km van die dorp af) gaan in Gurue hulle uitreik hou. Hulle beplan om die hospitale te besoek, traktaatjies uit te deel en ook die mense op straat te nader met die evangelie. Ons is baie opgewonde oor die inisiatief wat hulle geneem het om dit te doen. Bid saam met ons dat dit werklik die Here se seen sal dra.

**Omwiwa Yesu Radio projek**

Behalwe vir die gereelde weeklikse uitsendings, beplan die bediening om van die uitsendings oor te sit na 4-trek-kasette, in Lomwe en Portugees. Ons wil dit gratis versprei in die omgewing. Ons vra ook dat u al u ou 4 track kasette vir ons sal opgaar ons het dit nodig hier.

Die een rekenaar registreer ‘n suis-geluid tydens opnames en op die stadium het ons slegs twee rekenaars wat kan opneem. Daar is reperasies wat aan die ateljee gedoen moet word, Allen begin daaraan werk in Oktober.

Bid saam met ons dat daar nog siele vir Christus bereik sal word deur die radio projek. Sê ook dankie saam met ons dat Omwiwa Yesu werklik `n seën is vir die omgewing en vir ons.

**Chabwe skool**

Die kerk en die regering is steeds besig om te onderhandel oor die skool aangesien die skool op die kerk se grond staan en dus eintlik aan die kerk behoort. Onderhandelinge in Mosambiek is ekstra ekstra lank. Bid dat die verwikkelinge steeds volgens die Here se wil sal geskied.

**Engelse klasse**

Ansie is genader deur mense in Beira wat besig is met ‘n geletterdheids kursus. Hulle werk vanuit Australia en is besig met engels en portugese klasse waarin hulle mense leer lees, skryf en tel. Die leermateriaal is ‘n handboek met prente en oefeninge. Die evangelie is in die lessies ingewerk en word saam met die oefeninge gehanteer as deel van die les. Ansie moet ‘n 3 dae opleiding deurgaan in Beira, en sal dan ‘n reeks van 40 werksboeke ontvang waarmee sy kan begin. Ons beplan om DV vroeg in volgende jaar, op pad terug van SA, daar aan te gaan vir die opleiding. Bid saam dat dit vir ons en die omgewing ‘n seën sal wees.

**Persoonlik**

Ons nuwe vriende (Hollanders) het per ongeluk ons worsie se been af gery. Die veearts op die dorp het net sy skouers opgetrek, hy kan nie help nie. Hy weet net van die hondsdolheid spuit. Ons het toe besluit ons kan nie na 9 jaar se liefde, hom net so aan sy lot oorlaat nie. Ons is toe oor die grens na Blantyre in Malawi vir ‘n gipsie. Dit het ons ‘n hele twee dae geneem, ons het 6 ure gery aan die pad na Milanje, daar oor geslaap, vroeg die Saterdag oggend na Blantyre wat nog 125km verder was. Daar het ‘n goed opgeleide veearts van Kenia vir wors gehelp.

*Nuusbrief van Oktober 2009*

Die werk kom ook nou aan `n einde soos die jaar besig is om af te sluit. Die mense in Mosambiek begin terug keer na hulle lande om te skoffel en te plant vir die reën seisoen wat voorlê.

**Die radio projek**
Daar is probleme met die uitsending in die dorp van die lokale radio stasie. Hulle uitsender het `n probleem en hulle wag vir herstel van Quilemane waar die hoofkantoor van die stasie gesetel is.

**Werk op die erf**
Allen het `n nuwe venster ingesit by die radio projek, die dak vervang en geverf. Die Woordskool se dak is herstel en geverf. Die buite kombuis is uitgeverf en is reg vir volle gebruik deur gaste.

**Familienuus**
Ons worshondjie is weer himself. Die gips is af en sy beentjie is so goed asof dit nooit gebreek was nie. Allen se rug pla en ek het ook `n gereelde pyn in my enkel en been. Ons byt vas en vertrou op die Here vir ons gesondheid, die tyd vlieg en ons is binnekort in SA. Dan kan ons albei by die dokters aanklop

Daar word ook op die 28 Oktober gestem vir `n nuwe regering in die land, bid saam met ons dat die Here se wil daar sal geskiet en dat dit vreedsaam en rustig sal verloop.

**Bid saam met ons vir** :

- Die radio projek: Dat die uitsendings te alle tye sal aangaan. Dankie aan die Here vir die radio projek, die Here werk wonderbaarlik deur die stemme.
- Bid ook saam met ons vir die ouderlinge wat by die Woordskool opleiding kry: dat dit wat hulle geleer het, hulle sal vasmaak in hulle lewens en in hul kerkies sal uitleef/oordra.
- Bid vir ons gesondheid, en sê saam dankie dat Hy altyd getrou is in ons versorging.

*Nuusbrief van 17 November 2009*

**Radio projek is 2 jaar oud!**
Viering van twee jaar se uitsendings het gepaard gegaan met sang, 'n jeugkoor wat opgetree het, en groot fees is gevier. Ongeveer 50 besoekers is ontvang, onder

andere die Stadsklerk, die Administrateur van Gurue en al die pastore van die verskillende kerke wat by die radio projek betrokke is.
Die stadsklerk en die administrateur het die ateljee besoek en die programmeerders het gedemonstreer hoe hulle die ding doen. Die manne was baie beindruk dat die kerke so mooi saam werk, en oor al die briewe wat instroom. Hulle het gevra dat ons sal volhou met die werk. Die manne het elkeen `n Bybel ontvang.

En HOOR!
Niks op skrif, net genoem in 'n toespraak, maar dit maak ons opgewonde:
Tydens die funksie verduidelik Allan aan die Administrateur dat dit moeilik is om die projek gemaklik te bedryf, omdat ons met 'n kragopwekker moet werk. Tydens sy toespraak, sê die administrateur dat dit hulle verantwoordelikheid is om krag op die perseel te kry. Klink of sy gedagte is dat ons slegs vir die transformator moet betaal. Ons is baie opgewonde en wag om te sien wat hulle uitrig.

**Sinodale Vergadering**
Ons was na Milanje vir die laaste sinode vergadering van die jaar. Allen het terugvoer gegee oor die projekte en die sinode was baie ingenome oor wat aangaan in Gurue. Die sinode sal graag wil sien dat ons 'n klein kerkie bou op ons erf, maar die kerkraad moet daaroor besluit in 2010.

Die Woordskool het afgesluit vir die jaar. Allan beplan om volgende jaar deur die Ou Testament te werk.

**SA Besoek**
Ons ry DV Donderdag 19 November uit Gurue, en stop eers in Quelimane, 'n dagreis vêr. Op 20 November moet ons ons verblyf permitte gaan hernu in Quilemane voor ons die pad verder vat.

**Bid asb saam…**
Iemand het een dag gesê mens moet bid en dan die Here kans gee om te werk aan die saak. Daarom wil ons vir julle vra om te bid vir ons rit af Suid Afrika toe, dat die Here ons voertuig instand sal hou en dat ons geen breuke langs die pad sal hê nie.
Bid dat die Here ons veilig sal hou, Sy hand tussen ons en ander pad verbruikers sal hou.
Bid ook vir ons huis, diere en werkers wat hier agterbly, dat die Here alles in Sy hand sal hou en sal bewaar.
Bid ook saam met ons vir die moontlikheid van `n kerkie en krag op die perseel.

Ons sien uit daarna om met julle persoonlik te kuier in Suid Afrika. Indien iemand ons wil kontak, hier volg ons SA nommer:
+27 719346893 SA (epos: mosambieksending@gmail.com)

## Freddie Swart skryf oor MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING

*Uittreksel uit nuusbrief 12 Oktober 2009*

Die Radiobediening is tans besig om van die programme wat uitgesaai word op klankkassette te plaas vir gratis verspreiding onder die mense. Dit dien terselfdertyd ook as advertensie om mense aan te moedig om na die programme op radio te luister. Indien daar dus van die klankkassette nutteloos by die huis rondlê sal ons dit waardeer indien dit bymekaar gemaak kan word en gepos word na *Gurue Radiobediening, Posbus 10606, Klerksdorp, 2570.* Of laat weet ons sodat reëlings onderling getref kan word om dit af te haal.

Ons het intussen ook 'n skenking van vier (4) volledige rekenaars ontvang van Sentraalwes Koöperasie se hoofkantoor te Klerksdorp en wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om hulle te bedank vir die skenking met die vaste wete dat hierdie rekenaars nie onbenut sal staan nie. Van die drie rekenaars tans in gebruik (die vierde een het reeds die gees gegee) is daar nog net twee wat benut kan word.

Vanaf die 17de tot die 19de September het ek 'n Kontinentale Konvensie van *Africa by Radio* in Kemptonpark bygewoon met 'n borgskap van *United Christian Broadcasters (UCB-Africa)*. Afgevaardiges van oor die hele wêreld, maar veral Afrika, het die Konvensie bygewoon. Alhoewel die radio nie meer 'n gesogte medium in die eerste wêreld is nie, bly dit die belangrikste kommunikasie medium in Afrika waar televisie vir die meeste mense 'n verlore droom is. Die groot vraag is of ons die radio wat God as 'n kragtige instrument in ons hande geplaas het, werklik ten volle benut? Verskeie gedagtes is hieroor gewissel wat insluit die inhoud van programme, die teiken gehoor, behoeftes van die plaaslike gemeenskap, uitreike na die gesin, kinderprogramme, dissipelskap, ens. Die moontlikhede word net beperk deur ons eie denke. Dit is hier waar Paulus se spreke van *'vernuwing van ons denke'* toepaslik word.

**Kom ons bid dan steeds vir:**

- Die programopstellers en samestelling van die inhoud van programme;
- Dat al meer mense op hierdie radioprogramme sal inskakel;
- 'N nuwe visie vir die volkome benutting van die radio as 'n kragtige kommunikasie medium; asook
- Die opvolgwerk wat nodig is om jong gelowiges te help in hul nuutgevonde geloof.

En onthou, jou ondersteuning van hierdie bediening stel die Vader in staat om ander te seën wat in radikale ander omstandighede as ons leef.

## Armenië – E-pos ontvang vanaf Mike de Beer

Daar het soveel dinge gebeur en ontwikkel in Armenie met die Kurde sedert ons eerste besoek aan Past Boris en sy klein gemeente, ek sien God se hand baie duidelik in die hele proses!

Die geld wat jul gemeente in Februarie gestuur het, was gebruik om drie dinge te doen- Dit was 'n bedrag van 1480 USD . Tydens my besoek het hulle verslag aan my gelewer:

1. Murath was die "worship leader" wat ons in Boris se kerk ontmoet het.Hy is die spanleier en koordineerder van die Jesusfilm spanne en het vir 6 maande 'n bedrag van 50 USD ontvang. Hy is 'n MBB Kurd en werk tans met 4 spanne wat in totaal 17 mense is.Sy fokus area is die Noord Weste van Armenie en Georgia. Benewens die feit dat hy die Jesusfilm en Magdelena in huise en in die opelug vertoon, bied hulle "New Life Discipleship" lesse aan. Hy is sterk gefokus op kerkplanting en het die afgelope jaar 3 selkerke gevestig bestaande uit 34 mense wat gereeld bywoon, daar is wel 'n paar ander wat ongereeld byeenkomste bywoon.

2. 'n Bedrag van 750 USD is gebruik vir 'n somerkamp vir Kurdse kinders. Ek het gevra vir fotos, maar hierdie memse het nie 'n kamera nie! Daar was 50 kinders vir die 10 dae program. Die koste was net onder 1.5 USD per kind per dag wat vervoer na en van die kampterrein en hul huise asook toebroodjies en drinkgoed 10h30 in die oggend, 'n warm ete ( Worsie en aartappels en broodjie) 13h00 en dan 15h30 weer 'n toebroodjie en drinkgoed insluit. Tydens die kamp word hulle onderig in basiese gesondheid,sien die Jesus Film vir kinders en hoor daagliks stories wat op CD gesit is deur ander vennote en dan daana kry elkeen 'n "storie" om huis toe te neem.

3. Past Boris het 130 Nuwe Testamenta aangekoop om te gebruik en te versprei in die areas war hulle werk. Sy droom is om een NT per gelowige huisgesin daar te stel.

Daar is tans ongeveer 28 USD beskikbaar van die totale bedrag. My voorstel was dat dit aan die kerk geskenk word om te gebruik soos hul goeddink. Ek vertrou dat jul dit so sal aanvaar.

**'n Versoek**- wil julle as gemeente nie oorweeg om gedurende die vakansie van Junie/Julie die "summercamps" 'n projek van jul gemeente te maak nie- dit kan uit 2 bene bestaan ;

a) Die droom is om 3 kampe te hou met 100 kinders elk- (3 verskillende streke) Ek rond die koste weereens af tot 1.5 USd per kind wat dan 'n totaal van 4500 USD is. Dit is baie geld, veral vir die Suid Afrikaners, maar die impak is baie meer!

en dan

b) Ek glo dis 'n uitstekende geleentheid om jou gemeente te mobiliseer om saam uit te reik- Sportmanne /vroue, jongmense met 'n hart vir kinders, volwassenes om te help met wat ookal - die moontlikhede is legio- maar almal sal moet verstaan dat dit NIE luuks is nie, die mense is arm, die huisies klein en ons sal waarskynlik in tente kamp of in die kerk bly.

En dan laastens, wil jul as gemeente nie biddend oorweeg of julle moontlik in die maandlelikse behoeftes van Murath kan voorsien nie- Die organisasie wat huidiglik 220 USD maandeliks daarvoor gee is ook die organisasie wat fondse voorsien vir die kleuterskool.Die kostes vir die skool, hoofsaaklik agv van meer kinders en inflasie , het so ge-eskaleer dat hulle besluit het om te staak met diebydrae vir Murath. Ongelukkig is daar nou ook nie meer uit die fondse wat jul vroeer gestuur het nie.

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Ukraine en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg. Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, ‘n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.

Vanjaar is dit 20 jaar terug dat kommunisme tot ‘n val gekom het en die Berlynse muur letterlik afgebreek is. Ongelukkig het kommunisme ‘n slegte nalatenskap: bankrot regerings, erge armoede, geweldige maatskaplike probleme, en oorvol kinderhuise (bv: in Oekraine is daar 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat ‘n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. Party verkies om eerder ‘n bydrae tot die Cernoleuca kinderhuis in Moldawië te maak (dit beteken ‘n verskil in 75 kinders se lewens), en ander verkies om eerder ‘n gesin te help borg (om sodoende te keer dat daardie gesin se kinders in die kinderhuis land).*

Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my ‘n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens ‘n oggenddiens te gee.

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms - nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

| | |
|---|---|
| Ds Corné du Plooy<br>Sending Sonder Grense<br>Ds Hannes Peens (Limpopo) | Ds Leon Tait 012<br>012-333 2470 |
| Koerde | Cobus de Waal<br>082 749 7846 |
| Mosambiek radiostasie<br>Allen en Ansie vd Merwe | Japie en Ena le Grange<br>012-331 3953 |
| Gebedsketting<br>Laudium | Alet Briers<br>012-331 1311 |
| Alta Glas | |

Indien u die Oestyd voortaan elektronies wil ontvang, stuur asb ‘n e-pos na hdtt@telkomsa.net met die onderwerp Oestyd.

Namens die Taakspan vir Sending & al bogenoemde sendelinge/organisasies, wil ons u hartlik bedank vir u ondersteuning die afgelope jaar. Ons wens u ‘n geseënde Kerstyd, vol vreugde & vrede toe.

Sendinggroete in Christus
**Taakspan vir Sending**
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)